

* ENGLISH TEXT BELOW

MAANDELIKSE NUUSBRIEF: SEPTEMBER 2017

Geagte HSAG-belegger / Mnr / Mev / Mej [Customer Name]

Hierdie nuusbrief is aan u as lid van die Hoëveld Sindikasio Aksiegroep (“HSAG”) geadresseer op grond van die feit dat u ’n belegging in die sindikasio gemaak het en waarna u by die Klas-aksie by wyse van die HSAG aangesluit het.

Alhoewel e-posse van tyd tot tyd uitgestuur word is die www.hsaction.co.za webtuiste die plek waar u inligting kan bekom.

Hou ons asseblief op hoogte van enige veranderinge van u kontakbesonderhede.

In hierdie nuusbrief bevestig ons weer die doelwit waarvoor die HSAG gestig is, die finansiering van die Klas-aksie litigasie, bring ons u op hoogte met die regsaksies, en gee ons vir u terugvoer op media-navrae.

1. OORSIG

Drie jaar gelede het Theron & Vennote die taak aanvaar om die duisende beleggers in die Highveld Sindikasio 15 – 22 Maatskappye te help om toe te sien dat reg en geregtigheid geskied met betrekking tot hul mislukte beleggings in die HS Maatskappye.

Die totale omvang en waarde van die eisbedrae betrokke beloop 18 300 beleggers wat ongeveer R4.6 miljard belê het. Op advies van senior advokate met altesame meer as 100 jaar se ervaring was die roete van ’n klas-aksie gevolg. Dit beteken in effek dat een saak bereg word en elke persoon duisende keer minder se regskostes moes opdok.

Tot datum hiervan het die opponer, mnr Nic Georgiou, sy entiteite, familie en sakeryk alles in die stryd gewerp om die totstandkoming van ’n klas-aksie te stuit, maar was die HSAG op die meriete (met uitsluiting van een saak) suksesvol in 11 aangeleenthede.

Die teenkant het buiten verdragingsaktiee, ook op ’n onetiese en onregmatige wyse persone wat in die binnekring van die HSAG beweeg het met finansiële middele oorreed om vir mnr Nic Georgiou en Orthotouch teen astronomiese salarisse te werk. Verdermeer word beleggers aangespoor om met ’n bankrot maatskappy, Orthotouch, te skik. Mnr Georgiou het deur middel van die HSBF (wat gedryf word deur Helgard Hancke) verwarring by HSAG-lede geskep dat hulle na beleggers se belange omsien en het selfs gepoog om ’n petisie van stapel te stuur. Persone wat hieraan deelneem sal ongelukkig nie meer die HSAG se beskerming of lidmaatskap kan geniet nie.

Alhoewel daar groot vordering gemaak en sukses bereik is, is daar ongelukkig baie HSAG-lede wat nie finansiëel tot die voer van die stryd teen Mnr Georgiou bydra nie. Op hierdie stadium is die HSAG se prokureurs die grootste enkele bydraer tot die HSAG aangesien hul fooie en uitgawes slegs tot die eerste kwartaal in 2015 ten volle betaal is.

'n Beroep word op ieder en elke lid van die HSAG gedoen om hul finansiële bydraes op datum te bring. Dit is immers hul saak en daar kan nie van die prokureurs verwag word om die saak te finansier nie. Indien HSAG-lede nie hul finansiële verpligtinge nakom nie, sal dit beteken dat die saak uiteindelik weens 'n gebrek aan fondse tot op 'n einde sal kom.

Die gemiddelde belegging deur elke belegger is ongeveer R 250 000 en was die versoek om bydrae tot kostes minimaal gewees. Indien u van 'n debietorderstelsel gebruik wil maak moet u ons asseblief kontak.

2. DRYFVEER EN DOELWITTE VAN HSAG

Die hoofdoelstelling van die HSAG is om die Hooggeregshof van Suid-Afrika by wyse van aansoek te nader vir die verkryging van hofbevele namens beleggers in HS 15 – 22 wat toestem dat 'n Klas-aksie/s teen mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente in te stel vir die verhaling van skades en verliese wat beleggers in die mislukte Highveld Sindikasie Maatskappy 15 – 22 gely het.

Die twee onmiddellike sake waarby die HSAG tans betrokke is, is die sertifisering van die Klas-aksie asook die tersydestelling van 'n Reëlinskema kragtens Art 155 van die Maatskappyyewet. Die Reëlinskema behels inter alia dat mnr Nic Georgiou, sy seuns, hul entiteite en ander Respondente algeheel kwytgeskeld en gevrywaar word van persoonlike aanspreeklikheid. Die HSAG beweer dat die hofbekragtiging ten opsigte van die Reëlinskema heimlik verkry is.

Indien die hof saamstem met die beweringe van die HSAG sal die Reëlinskema tersyde gestel word en sal die Hoëveld Sindikasiemaatskappy 15 -22 terugval in besigheidsredding. In so 'n geval sal mnr Hans Klopper – die besigheidsreddingspraktisyn aangestel deur die hof – versoek word om te bedank. HSAG-lede is van mening dat Klopper nie in hul beste belange opgetree het nie. Indien 'n nuwe besigheidspraktisyn aangestel sou word, sal hy versoek word om die nodige stappe te neem ten einde die maatskappy se belange te dien en sal die HSAG kan voortgaan met die sertifikasie-aansoeke van die Klas-aksie.

Tot tyd en wyl die HSAG suksesvol is met die tersydestelling van die Reëlinskema is mnr Nic Georgiou/Orthotouch kragtens 'n hofbevel verplig om maandeliks rente aan beleggers te betaal. Hulle kan nie summier ophou met die betalings nie. Dit is ons mening dat daar met die rentebetalings voortgegaan kan word dienooreenkomstig die inkomste wat gegeneer word uit die geboue sonder die Reëlinskema.

3. LEDE BYDRAES EN REGISTRASIEKOSTE

Valse beweringe is onlangs deur Helgard Hancke versprei dat die prokureurs van die HSAG straks R28 miljoen sou ontvang het oor die afgelope drie jaar.

Hierdie beweringe is onwaar en is dit gebaseer op die aanname dat al 7 000 HSAG-lede inderdaad op datum is met hul betalings.

Lede word ernstig versoek om hul ondersteuning teenoor die HSAG en die proses om die enorme verliese te verhaal, voort te sit deur getrou hul jaarlikse bydraes te maak. Alhoewel dit 'n las op die administrasie van die HSAG plaas, kan die bydraes ook in paaiemente afbetaal word.

Die HSAG bevestig dat alle gelde in 'n Prokureurstrust gehou word, welke rekening jaarliks geoudit word. 'n Kostekonsultant stel ons kosterekening op wat voldoen aan regsvereistes.

4. HOFSAKE EN TYDSDUUR DAARVAN

4.1 AANSOEK VIR VERLOF TOT APPÈL (PRETORIA EN JOHANNESBURG)

Die Hooggeregshowe in Pretoria en Johannesburg het 'n belangrike regspraak (of applikante in die sertifisering van die HSAG Klas-aksie van 'n aansoek mag onttrek), na die Hoër Hof van Appèl (HHA) verwys, deur verlof tot appèl aan die Respondente toe te staan.

'n Belangrike rede hiervoor is dat daar, onder andere, dwingende redes bestaan om nuwe reg in Suid-Afrika tot stand te bring en sou soortgelyke toekomstige onttrekkings geskied, die finale uitwerking van onttrekking verreikende gevolge sou hê wat 'n impak op alle toekomstige klas-aksies sou hê.

Beide Regters het die belangrikheid van die HSAG-aangeleentheid erken asook die moontlike vertraging wat dit mag veroorsaak, maar het bevestig dat die Registrateur van die HHA genader mag word vir 'n spoedige appèl. Die normale appèl-proses mag moontlik die Klas-aksie onnodiglik vertraag.

Weens die feit dat mnr Nic Georgiou/Orthotouch na die Hoogste Hof van Appèl (HHA) teen enige beslissing in die guns van die HSAG sou petisioneer het, het die HSAG op 5 September 2017 besluit dat die Johannesburgse aangeleentheid voor Sy Edele Regter Ismail, ook na die Hoogste Hof van Appèl verwys word vir ten einde spoedig aangehoor te word. Gevolglik is Regter Ismail dienoreenkomstig die toestemming van albei partye, versoek om 'n bevel tot daardie effek te maak.

Die partye se regsverteenwoordigers het ook bevestig dat hul die Registrateur van die HHA sal versoek om beide die Pretoriase en Johannesburgse Appèlle tegelykertyd aan te hoor.

Gesien in die lig van die bespoedigde proses tot sy beskikking het die HSAG die direkte verwysing na die HHA verwelkom aangesien dit sekerheid sal verskaf vir die toekomstige proses van die HSAG Klas-aksie (bv. as

Georgiou/Orthotouch poog om nuwe Applikante te probeer skik). Dit sal ook verhoed dat die Respondente verder deur die petisionering van die HHA, verdrag, sou die aansoek vir verlof tot Appèl deur die Hof van die hand gesit word.

Regter Murphy het die erns van die saak beklemtoon, en die HSAG is dit eens dat die HHA die belange van die duisende HS-beleggers in die mislukte HS-Maatskappye sal beskerm.

Beide Regters het hul vorige beslissings gewysig en dit eenvoudig na die HHA verwys. Regter Murphy het sy vorige beslissing bevestig, naamlik dat die onttrekking en vervanging onreëlmstig en onbehoorlik in die omstandighede was.

4.2 AANSOEK OM TUSSENBEIDE TE TREE (JOHANNESBURG)

Mnr Helgard Hancke en sy entiteit, Aprobate BK (welke entiteit in die proses is om te deregistreer), het sy Aansoek om Tussenbeide te tree en sy ondersteuning van die Verlof tot Appèl deur mnr Nic Georgiou en andere, onttrek, slegs 'n dag voor die aangeleentheid op die rol was om aangehoor te word.

Mnr Helgard Hancke en Aprobate BK het aangebied om die party-party koste van die HSAG te betaal.

5. VORDERING MET DIE SAAKBESTUURDER SE BEVEL

Orthotouch se prokureurs het die HSAG ingelig dat hul die bevel van Regter Sharise Weiner, waarin die Respondente beveel word om aan Regter Brian Spilg se bevel te voldoen, wil opskort.

Regter Spilg het vir Orthotouch en die Besigheidsreddingspraktisyn, Hans Klopper, beveel om die HSAG van alle kontakbesonderhede, insluitend selfoonnommers en e-pos adresse in beide elektroniese sowel as harde kopie formaat, te verskaf.

Orthotouch beweer onder andere dat hulle die versoek rig as gevolg van die twee Appèlle na die Hoogste Hof van Appèl wat tans goedgekeur is.

Die HSAG stem nie saam met hul argument nie en sal 'n skriftelike versoek aan Regter Weiner rig om die aangeleentheid te oorweeg en verdere aanwysings te gee.

6. LIKWIDASIE VAN MAATSKAPPE (HS 15-22 EN ORTHOTOUCH)

Die HSAG het verskeie e-posse en telefoonoprope ontvang met betrekking tot die skrywe van die besigheidsreddingspraktisyn, mnr Hans Klopper, en die HSBF-webtuiste-nuusbriewe wat beweer dat, indien Orthotouch gelikwedeer sou word, die likwidateurs moontlik die maandelikse paaiemente soos aan beleggers betaal mag terugeis.

Die HSAG bevestig weereens dat 'n skriftelike opinie ten opsigte van die regspraak vanaf 'n Advokaat versoek is. Die opinie stel dit duidelik dat die likwidadeurs nie in staat sal wees om die maandelikse rentebetaling/inkomste soos aan HSAG-beleggers betaal terug te eis nie. Alle opbetaalde HSAG-lede sal verder die nodige regshulp ontvang ingeval hul soortgelyke dreigemente ontvang. Ongelukkig sal persone buite die HSAG nie dieselfde ondersteuning kry nie en sal hulle al hul geld wat hul ontvang het aan die likwidadeurs moet terugbetaal indien die likwidadeurs suksesvol teen hulle is.

Hier volg 'n opsomming van die Advokaat se redes:

- 6.1 Die maandelikse betalings word gemaak ingevolge 'n verpligting wat Orthotouch opgedoen het kragtens die Reëlinskema, welke verpligting opgedoen is in ruil vir die verkryging van verskeie vaste eiendomme van die Hoëveld-maatskappy. Betalings deur Orthotouch is derhalwe nie "sonder teenwaarde" nie, soos bedoel in artikel 26 van die Insolvensiewet van 1936 ("die Wet"), en gelde kan gevolglik nie teruggeëis word ingevolge hierdie artikel nie.
- 6.2 Wat betref artikels 29 en 30 van die Wet, sal een krediteur (soos 'n belegger) nooit bo 'n ander bevoordeel kan word solank as wat betalings deur Orthotouch gemaak word in ooreenstemming met die formule soos vervat in die reëlinskema dokument nie.
- 6.3 Betalings wat deur Orthotouch gemaak word is gemaak in die "gewone loop van besigheid". Dit is 'n verdere rede waarom die Likwidadeurs nie die gelde kan terugeis nie.
- 6.4 Orthotouch se krediteure is Hoëveld-maatskappy. Dit is die Hoëveld-maatskappy wie, by ontvangs van die maandelikse betalings van Orthotouch, op hulle beurt die beleggers betaal. Dit beteken dat die Likwidadeurs van Orthotouch slegs 'n potensiële eis teen die Hoëveld maatskappy het – en nie teen die beleggers nie.
- 6.5 Sou die Hoëveld maatskappy ooit gelikwideer word, sal die likwidadeurs nie betalings kan terugeis nie vir soortgelyke redes as wat hierbo uiteengesit word.

Die HSAG is *glad nie* ten gunste van likwidasies nie en dat die HSAG *nog nooit gedreig of gepoog het om* Orthotouch of selfs die HS-maatskappy *te likwideer nie*. Hierdie misleidende stellings is deur mnre Georgiou, Hancke, en Klopper en Me Visagie gemaak. Indien u al die korrespondensie van die betrokke partye nagaan sal u merk dat slegs mnre Georgiou en sy ondersteuners die dreigemente ten aansien van likwidasie gemaak het. Likwidasie sal die laaste uitweg vir die HSAG wees.

7. VRAE VANAF RSG GELDSAKE ONDERHOUD EN ANTWOORDE DEUR HSAG-BESTUUR D.M.V PROKUREUR JACQUES THERON

Moneyweb se Redakteur, Ryk van Niekerk, het onlangs sekere vrae oor die vordering van die Klas-aksie gestel. Sommige vrae is in 'n latere radio-onderhoud herhaal.

Hier volg die vrae en antwoorde:

I. Hoe lank kan dit nog uitgerek word?

In die praktyk duur 'n individuele Hooggeregshofsaak maklik drie tot vyf jaar. Die Klas-aksie is veel groter en sal uiteraard langer duur.

Die Klas-aksie word op hierdie stadium slegs vertraag deur die teenkant se vertragingstaktieke, deur verskeie regstegniese punte te opper en te appelleer teen beslissings in die HSAG se guns.

Omdat daar nie regspreedende (hofsake) in Suid-Afrika is ten aansien van Klas-aksies nie word daar in hierdie saak voortdurende nuwe reg geskep wat beteken dat Regters wat hieroor beslis langer vat om uitsprake te lewer weens die verreikende gevolge.

Die partye het 'n eerste vergadering gehad voor die aangestelde "saak-bestuurder" in die Johannesburg-saak [Regter Sharise Weiner] op 29 Augustus 2017. Sy het verskeie bevale uitgerek met die doel om die proses te bespoedig in die Johannesburg Hooggeregshof (die teenkant is deur Regter Weiner op terme geplaas om sekere stappe te neem en dokumente te liasseer).

Soos met enige litigasie, kan ons egter nie met sekerheid voorspel wanneer die litigasie afgehandel sal wees nie. Beide Regters Ismail en Murphy se onlangse bevale (wat verlot tot appèl na die HHA toegestaan het ten aansien van die "terugtrekking" van die litigasie) het verlot gegee dat 'n dringende datum vir die aanhoor daarvan versoek kan word, wat goeie nuus is.

Ons wag tans vir die teenkant om hul Kennisgewings van Appèl in beide die Pretoria en Johannesburg Hooggeregshowe te liasseer sodat daardie proses kan voortgaan. Dit behoort binne die volgende maand te wees.

II. Hoeveel lede is nog aktief betrokke?

Die HSAG is steeds baie aktief en het bykans 7 000 ingeskrewe lede. Ons ontvang daagliks e-posse, telefoonoproepe en selfs van tyd tot tyd persoonlike besoeke van beleggers oor die hele land. Ons opponente is natuurlik ook baie geïnteresseerd in die aktiewe deelname by die HSAG omdat dit volgens hulle 'n barometer is van hoe sterk die HSAG is.

Die HSAG het gegroei sedert Mnr Georgiou en die voormalige applikante die Klas-aksie met hul skikking probeer ontspoor het. Enkele persone ('n relatief onbeduidende getal) het aangedui dat hulle van die HSAG wil onttrek om met Orthotouch te skik. Die HSAG het reeds voorheen gewaarsku dat, sou individue met Orthotouch skik, Mnr Georgiou en sy hele sakeryk van die spreekwoordelike hoek af is.

Daar is ál meer gerugte dat Orthotouch en/of die HS Maatskappye gelikwieder gaan word. In sodanige gevalle verloor beleggers hul eise teen die Georgious en moet hulle tevrede wees met die een of twee paaiemente wat hulle van Orthotouch gekry het. Hulle kan dan ook nie saam met die HSAG voortgaan teen Mnr Georgiou en ander nie. Orthotouch het slegs twee bates en sou dit

gelikwedeer word sal die beleggers wat met Orthotouch geskik het minder as 1c in die rand ontvang. HSAG-lede sal egter voortgaan met hul eise teen Georgiou en ander.

Die HSAG gaan letterlik van krag tot krag en is daar duisende lojale ondersteuners. Ons wil nie die finansiële posisie (finansiële gesondheid) van die HSAG publiseer nie, aangesien Georgiou dit tot sy voordeel sal gebruik deur sy taktiek en strategie in die litigasie aan te pas na gelang van die “sterkte” van die HSAG se krygskas (die sg. “war-chest”).

III. Wanneer sal die hoofaansoek aangehoor word?

Beide Regters Ismail en Murphy se onlangse bevele (wat verlot tot appèl na die HHA toegestaan het ten aansien van die “terugtrekking” van die litigasie) het verlot gegee dat ’n dringende datum vir die aanhoor daarvan versoek kan word, wat goeie nuus is.

Ons behoort binne die volgende maand sekerheid by die Griffier van die Appèlhof te verkry wat die proses behels en selfs moontlik wanneer die saak aangehoor kan word. As hierdie appèlle aangehoor is kan ons voortgaan met die hoofsaak.

Die saakbestuurder, Regter Weiner, het ook reeds gelas dat Hans Klopper en Orthotouch teen 12 September 2017 die uitstaande lysie en besonderhede van beleggers moes verskaf. Orthotouch is van mening dat die appèlle ook haar bevele opskort.

IV. Wat is die situasie van mense wat nie deel is van die Klas-aksie nie?

Enigeen is natuurlik vry om remedies (of nie) na te volg soos hulle wil. Een van die baie groot voordele om deel van die HSAG Klas-aksie te raak is dat die blote uitreiking van die sertifikaat-aansoek in die Pretoria hof verjaring van die eise opgeskort het. Verjaring word gestuit nie slegs by die verkryging van ’n sertifikaat nie, maar by die uitreiking van hofstukke om die verkryging van ’n sertifikaat (wat reeds gedoen is) [sien in hierdie verband *Children's Resource Centre Trust v Pioneer Food (Pty) Ltd* 2013 (2) SA 213 (SCA) op par 89].

Die instel van aparte (nuwe) eise in HS19-22 op hierdie stadium sal ongelukkig ongetwyfeld begroet word deur ’n spesiale pleit van verjaring. By HS15-18 is verjaring van die eise nog nie ’n gevaar nie.

Dit geld ook vir eise op grond van die terugkoop (die sg. “buy back”) ooreenkomste vir beleggers in Highveld 21 en 22. Gemelde eise het volgens die advies van die HSAG se advokatuur reeds (in Augustus 2017) verjaar op grond van die terugkoopklousules wat tot stand gekom het presies vyf jaar ná die aanvanklike beleggings, welke vyf jaar periode tot ’n einde gekom het in Augustus 2014. Die drie jaar verjaringstermyn daarná het dus vroeg in Augustus 2017 tot ’n einde gekom.

Die Klas-aksie eise sluit ook die eise van beleggers in Highveld 21 en 22, gegrond op die terugkoop (sg. "buy-back") ooreenkomste, in – en is dus nie onderworpe aan verjaring nie aangesien die hofstukke reeds uitgereik is.

Dus, waarskynlik die enigste oorblywende manier om die terugkoopklousules af te dwing, is om deel van die HSAG Klas-aksie te raak.

Beleggers word dus aangeraai om, voordat hulle aparte eise instel, hulle deeglik te vergewis van veral die verjaring van hul voorgenome eise of selfs met hul eie prokureurs te konsulteer.

Op hierdie stadium verteenwoordig die HSAG slegs beleggers wat by die HSAG geregistreer is ten einde beskerming teen verjaring en regsverteenvoordiging te geniet.

Juis daarom moet die hoofaansoek in Johannesburg om die Reëlinskema tersyde te stel, geadverteer word, en moet daar aan alle beleggers (dus ook diegene wat nie by die HSAG geregistreer is nie) kennis gegee word van die hangende litigasie.

Deur middel van bovermelde publikasievereistes, sal alle ander beleggers buite die HSAG kennis kry van die Klas-aksie verrigtinge.

Ons beklemtoon egter dat die HSAG slegs lede verteenwoordig wat geregistreer is by die HSAG.

Die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat die HSAG die Kennisgewing van Mosie van die sertifikasie van die Klas-aksie gewysig mag word om, nádat almal kennis gekry het van die hofverrigtinge, slegs diegene wat by die HSAG geregistreer is in te sluit en nie almal, soos wat tans die geval is nie. Dit sal uiteraard beteken dat almal wat buite die HSAG val op hulself aangewese sal wees en weens verjaring geen eis teen Georgiou en ander sal hê nie.

V. Verloop die Klas-aksie soos jy dit voorsien het?

Ons het voorsien dat Georgiou en sy meelopers alles in die stryd sal werp om dinge te vertraag en die lewe vir eisers en almal wat nou betrokke is by die bestuur van die saak, moeilik te maak. Maar hulle sal uiteindelik nie die lang arm van die gereg kan ontglip nie.

Ons het egter nie voorsien dat Georgiou dit sou regkry om sekere sleutel individue, wat vroeër die Klas-aksie gesteun het, "te koop" om nou 'n smeerveldtog teen die Klas-aksie te voer nie.

Beleggers word aangeraai om hulself af te vra: Eerstens, wie betaal waarskynlik die aansienlike koste van hierdie veldtog téén die Klas-aksie (insluitend die koste en fooie/salarisse van die individue wat die veldtog voer). En tweedens, wie se belange word gedien indien die HSAG Klas-aksie sou sneuwel. Die meedoënlose pogings om die HSAG Klas-aksie (en sy firma) te diskrediteer moet ons insiens in daardie lig gesien word.

VI. Die hofkoste moet baie hoog wees. Is dit nie dalk tyd om 'n borg in te kry nie?

Die skale van ekonomie tel in die guns van die HSAG-lede. Dus, alhoewel die kostes in geheel baie hoog mag wees kos dit vir die individue 'n fraksie van wat dit normaalweg sou kos omdat duisende lede aan die HSAG behoort. Ons het in Mei vanjaar 'n opname gemaak en was daar minder as R1 per dag, per sindikasie per dag opgevra.

Wat die vraag oor die borg betref: Daar is baie persone (letterlik duisende) wat finansiële baie swaar kry omdat hulle al hul lewensspargeld in die Highveld 15-22 maatskappye belê het. Daar is egter weldoeners wat geld in die aparte HSAG-trustrekening inbetaal om vir sodanige persone by te staan en sal sulke finansiële bydraes verseker waardeer word.

VII. Wat gebeur met nie-lede as die Klas-aksie slaag?

Op hierdie stadium is dit die sogenaamde "Opt"-Out" bedeling wat beteken dat persone wat nie deel van die Klas-aksie wil wees nie, met die goedkeuring van die sertifikasie-aansoek daarvan binne 'n gegewe tyd skriftelik moet aandui dat hulle uitgesluit moet word, anders val hulle binne die Klas-aksie.

Dit was aanvanklik die gedagte dat, omdat daar 'n groot aantal bejaarde mense is wat benadeel kon word indien die sertifikasie in die normale verloop van sake sou plaasvind en hulle algeheel onbewus daarvan sou wees. As gevolg van die tydverloop, moderne tegnologie, sosiale media, asook die wye publikasie wat die Klas-aksie geniet, is dit moontlik dat daardie bedeling in herooringing geneem sal word.

Verdermeer, weens die spesifieke aard van hierdie saak is daar enkelinge wat reeds aangedui het dat hulle óf reeds geskik het óf nie deel van die Klas-aksie wil wees nie en is die praktyk by die HSAG dat hulle 'n eedsverklaring tot die effek teken dat hulle die "Opt-Out" keuse uitoefen en nooit weer deel kan vorm van die Klas-aksie nie. Hulle sal natuurlik uitgesluit wees.

Nie-lede is natuurlik vry om remedies (of nie) na te volg soos hulle wil. Een van die voordele om deel van die Klas-aksie te raak is dat die blote uitreiking van die sertifikaat-aansoek in die Pretoria hof, verjaring van die eise opgeskort het. [Verjaring word gestuit nie slegs by die verkryging van 'n sertifikaat nie, maar by die uitreiking van hofstukke om die verkryging van 'n sertifikaat (wat reeds gedoen is) [sien in hierdie verband Children's Resource Centre Trust v Pioneer Food (Pty) Ltd 2013 (2) SA 213 (SCA) op par 89].

Die instel van aparte (nuwe) eise op hierdie stadium sal ongelukkig begroet word deur 'n spesiale pleit van verjaring.

Dit geld ook vir eise op grond van die terugkoopklousules vir beleggers in Highveld 21 en 22, welke eise volgens die advies van Theron & Vennote se advokatuur, reeds in Augustus 2017 verjaar het (eise op grond van die terugkoopklousules het tot stand gekom presies vyf jaar ná die aanvanklike beleggings, welke vyf jaar periode tot 'n einde gekom het in Augustus 2014. Die

drie jaar verjaringstermyn daarná het dus tot 'n einde gekom vroeg in Augustus 2017.

Die Klas-aksie eise sluit ook die eise van beleggers in Highveld 21 en 22, gegrond op die terugkoop-ooreenkomste, in – en is dus nie onderworpe aan verjaring nie aangesien die hofstukke reeds uitgereik is.

Dus, die enigste oorblywende manier om die terugkoopklousules af te dwing, is om deel van die HSAG Klas-aksie te raak.

Beleggers word dus aangeraai om, voordat hulle aparte eise instel, hulle deeglik van veral die verjaring van hul voorgenome eise te vergewis.

VIII. Hoeveel HSAG-lede het al met Georgiou geskik?

Buiten die ses voormalige applikante en mnr Helgard Hancke (se vrou se eis) wat in die geheim met Mnr Georgiou geskik het, dra ons nie kennis van baie HSAG-lede wat geskik het nie. Mnr Georgiou besef waarskynlik dat die skikking met slegs 'n paar honderd beleggers nie die Klas-aksie sal stuit nie.

Ons weet dus nie met hoeveel ander beleggers Georgiou geskik het nie alhoewel sy agente se propaganda is dat daar 'n groot aantal is wat geskik het. Ons moet onthou dat daar ongeveer 12 000 mense daarbuite is wat nog nie deel is van die HSAG Klas-aksie nie en staan dit hulle uiteraard vry om te skik.

Die HSAG is algeheel gekant teen skikkings met slegs Orthotouch, omrede die likwidasië van Orthotouch katastrofiese gevolge vir 'n belegger sal hê wat besluit om op hulle terme te skik.

Ons het reeds verskeie kere vir beleggers gewaarsku teen die gevare van Orthotouch se skikkingsaanbod. Die inligting is ook aan Moneyweb verskaf tesame met die bewys dat slegs twee eiendomme van die oorspronklike 50 eiendomme wat in Orthotouch se naam geregistreer was, oor is. Dit sal onverantwoordelik wees om persone aan te moedig om met Orthotouch te skik omdat hulle waarskynlik minder as 1c uit die rand sal ontvang, gebaseer op die batewaarde van Orthotouch.

Die HS 19-22 maatskappye het geen bates nie en sal 'n eis met Orthotouch ook die regte van daardie beleggers verminder tot feitlik niks. Hierdie inligting is ook tot Moneyweb se beskikking.

Tans word mnr Nic Georgiou, sy sakeryk, sy seuns en ander Respondente deur die HSAG aangevat vir 100% van die kapitaal, rente en koste.

Die gerugte wat deur mnre Nic Georgiou, Helgard Hancke, (met sy nuutgestigte organisasie die HFSB), mev Elna Visagie, mnr Herman Lombaard en ander verkondig word dat Mnr Georgiou kwansuis nie bates het nie, hou nie water nie.

Die eenvoudige kommerwekkende vrae wat almal vir jare heen (insluitende Moneyweb) vra is:

(a) Wat het van die R4.6 miljard geword wat Mnr Georgiou en sy entiteite ontvang het en waarvan R.3.2 miljard ontvang was sonder dat hy eiendomme as teenprestasie oorgedra het?

(b) Selfs al het hy R1.2 miljard, soos beweer, uitbetaal, wat het van die oorblywende R2 miljard geword?

(c) Wat het van die ander R1.4 miljard se verbandvrye eiendomme geword wat in HS15-18 geregistreer was?

Bogenoemde risiko's staan in sterk kontras met die HSAG se skikkingsooreenkoms met Mnr Georgiou in terme waarvan Mnr Georgiou persoonlik aanspreeklik sal bly tot en met die betaling van die finale paaient en waar die lede te enige tyd kan terugval in die Klas-aksie.

Persone wat deur mnr Helgard Hancke se HSBF of buite die HSAG skik sal ongelukkig nie daardie regsbeskerming kan ontvang nie.

Mnr Georgiou het geweier om die skikkingsdokumentasie van ongeveer 800 HSAG-lede te onderteken omdat hy kwansuis 'n beter aanbod vir die hele HSAG Klas-aksie na die tafel wou bring (wat nog nooit plaasgevind het nie) en is alle verdere skikkingsonderhandelinge gestaak.

IX. Wat is jou siening van die skikkingsooreenkoms? Daar is aantygings dat jy dit teenstaan omdat dit jou fooie sal beïnvloed.

In die reg is daar 'n bekende gesegde wat sê 'n "slegte" skikking is beter as 'n "goeie" hofsaak. As daar 'n skikking op die tafel is, sal ons dit altyd aan ons kliënte oordra. Solank as wat die bedrag en terme daarvan billik is, sal ons dit oorweeg en selfs aanbeveel as dit aanvaarbaar is.

Wat ons fooie betref is dit somer loutere onsin dat dit kamstig hoog sou wees. Omdat daar baie mense is wat finansiële swaarkry, kan almal nie die aangelegde kostes betaal nie. Die HSAG se regspan is net ten volle opbetaal tot en met die eerste kwartaal van 2015 en is daar nog aansienlike uitstaande fooie vir die res van 2015, 2016 en 2017. Dus is Theron & Vennote die grootste enkele befondsers van en bydraers tot die HSAG Klas-aksie.

Die HSAG prokureurs werk ook verdermeer op hul normale tariewe, soos voorgestel deur die Wetsgenootskap, en nie op 'n gebeurlikheidsbasis waar 'n regspraktisyn kragtens wetgewing dubbeld sy normale fooie, of 25% van die kliënt se eis, welke ook al die minste is, kan hef nie.

Alle beleggers is natuurlik vry om skikkings aan te gaan, en wil die HSAG of hul prokureurs nie (en kan nie) in lede se pad staan om te skik nie. Al wat gesê word is dat beleggers versigtig moet wees om deur Mnr Hancke met Orthotouch te skik.

Eerstens, dit is noemenswaardig dat die skikkings “gedryf” word deur dieselfde mense wat vir, en namens, Georgiou optree [sien ook antwoord tot vraag nr 5 hierbo].

Tweedens, die terme van die skikkings moet deeglik oorweeg word. Byvoorbeeld, betaling van die skikkingsbedrag word oor ’n lang periode afbetaal (dit is een van Georgiou se gewone truuks).

Derdens, die skikkings behels ondernemings tot betalings slegs van Orthotouch Bpk, wat teen hierdie tyd nie veel meer as ’n leë dop is nie (die Klas-aksie daarenteen is teen Georgiou persoonlik en teen verskeie ander individue).

Ja, dit is natuurlik so dat die HSAG Klas-aksie tot ’n einde sal kom indien daar met almal geskik word. Persoonlik dink ons egter dat die beleggers op veel meer geregtig is, en op meer aanspraak kan maak, as die geringe skikkingsbedrag wat tans deur Georgiou aangebied word. Intendeel, as mense oor vyf jaar vir 55% kan skik dan kon hulle mos maar ’n verdere drie jaar wag totdat die reëlinskema sou materialiseer.

Die HSAG Klas-aksie is die enigste manier waarop die druk op Georgiou en kie verhoog word om uiteindelik ’n veel beter skikking te bewerkstellig.

Ook, hoekom sal verál die beleggers in Highveld 21 en 22, wat ’n “skoon” eis teen Georgiou persoonlik het ingevolge die terugkoopklousules vir terugbetaling van 100% van hul kapitale belegging, slegs vir 50% van hul kapitaal skik, welke bedrag hopelik in die toekoms deur Orthotouch afbetaal sal word?

Tydens ’n vorige program het ’n gas van Moneyweb, Magnus Heystek, twee belangrike opmerkings (buiten sy voortdurende waarskuwings om nie in Pickvest beleggings te doen nie) gemaak:

- (a) Dat die Georgiou’s ’n sg. “Stalingrad” teenstand sal bied. Dus, elke moontlike verweer sal opper; en tweedens baie belangrik:
- (b) Dat Mnr Georgiou ’n baie welgestelde man is. In die Pickvest-sage het hy volgens hofstukke ongeveer R4.6 miljard gevorder waarvan R3.2 miljard is vir eiendomme wat hy verkoop het aan HS19-22 en die geld ontvang het maar nie die eiendomme oorgedra het nie! Wat het van daardie geld geword?! Benewens daardie bedrag was daar ongeveer R1.4 miljard se eiendomme in HS15-18 wat nie met verbande beswaar was nie. Wat het van daardie eiendomme of die geld wat deur vervreemding van tersaaklike eiendomme geword?

Dit is presies waarvoor die HSAG hom aanvat!

8. ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

Weens ’n aantal versoeke is die afsnydatum vir laat-registrasies vir aansluiting by die HSAG verleng tot 30 September 2017 om MIDDERNAG. Die registrasievorms is op die webtuiste by www.hsaction.co.za,

besikbaar of in die alternatief kan u 'n e-pos stuur na hsagregister@gmail.com om 'n registrasievorm te versoek. Alle versoeke en voltooide registrasievorms moet aan hsagregister@gmail.com gestuur word.

9. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaar vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

- i. Indien geen opvraging ten aansien van registrasie-, regs- of administrasiekoste of 'n krediet op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit, indien dit onder ons aandag kom of gebring word, op 'n latere staat verskyn:
 - a. Die aangevraagde opvraging vir 2016-regskoste was R1 000 per sindikasie.
 - b. In Mei 2017 was 'n verdere opvraging vir bydrae tot regs- en administrasiekoste van R2 000 per persoon gemaak.
 - c. 'n Eenmalige registrasiekoste per sindikasie was ook gehef en sal ook op u staat verskyn.
 - d. Indien 'n balansstaat 'n kredietbedrag toon, is u 'n geregistreerde lid van die HSAG, maar het ons nog nie u voltooide aansoekvorm ontvang nie. Geliewe die aansoekvorm af te laai vanaf ons webwerf of rig 'n versoek aan ons daarvoor op hsagregister@gmail.com.
- ii. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords aanvanklik verkry is vanaf aansoekvorms:
 - a. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief, onduidelik of onvolledig is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.
 - b. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op "Monkey Survey" wat van tyd tot tyd op ons webtuiste geplaas word ten einde u inligting op datum te bring of stuur vir ons 'n e-pos na hsagregister@gmail.com.
- iii. Klik asseblief op die **e-pos skakel** aan die einde van hierdie nuusbrieff om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
- iv. Weens aaneenlopende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
- v. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (gewoonlik maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
- vi. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort word.
- vii. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik 'n verdere heffing vir

registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.

- viii. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig, maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvogtig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
- ix. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG Klas-aksie nie moontlik sou wees nie.
- x. U kan verseker staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
- xi. Enige spesifieke navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

HSAG Bestuurskomitee

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com